



**STAATSKOERANT**  
**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**  
**GOVERNMENT GAZETTE**

REGULASIEKOERANT No. 1812

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE  
OORSEE 30c OVERSEAS  
POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1812

Registered at the Post Office as a Newspaper

VOL. 97]

PRETORIA, 6 JULIE 1973  
6 JULY

[No. 3974

**PROKLAMASIE**

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 162, 1973

**KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE WETS-ONTWERP OP VRUGAFDRYWING EN STERILISASIE**

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om 'n Kommissie van Ondersoek te benoem soos volg:

**OPDRAG**

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

Aan:

- CORNELIUS VISSER VAN DER MERWE,
- HENDRIK JACOBUS COETSEE,
- EPHRAIM LEONARD FISHER,
- JOHAN CHRISTOFFEL JURGENS,
- ROELOF McLACHLAN,
- PETRUS HENDRIK MEYER,
- STEPHANUS JOHANNES HOFMEYR VAN DER SPUY,
- CURT CARL VON KEYSERLINGK,
- WILHELM LAUBSCHER VOSLOO, en
- LAWRENCE FUNNELL WOOD.

SALUUT:

Nademaal ek dit dienstig ag om 'n kommissie te benoem om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die aangeleenthede hieronder vermeld;

So is dit dat ek, omdat ek groot vertroue in u kennis, oordeel en bekwaamheid stel, u

- Cornelius Visser van der Merwe, as Voorsitter, en u,
- Hendrik Jacobus Coetsee,
- Ephraim Leonard Fisher,
- Johan Christoffel Jurgens,
- Roelof McLachlan,
- Petrus Hendrik Meyer,
- Stephanus Johannes Hofmeyr van der Spuy,
- Curt Carl von Keyserlingk,
- Wilhelm Laubscher Vosloo en
- Lawrence Funnell Wood,

hierby magtig en benoem tot lede van 'n kommissie met die volgende opdrag:

Om ondersoek in te stel na, oorweging te skenk aan en verslag te doen oor die Wetsontwerp op Vrugaafdrywing en Sterilisasië (VW. 15- '73);

A—12675

**PROCLAMATION**

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 162, 1973

**COMMISSION OF INQUIRY INTO THE ABORTION AND STERILIZATION BILL**

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to appoint a Commission of Inquiry as follows:

**COMMISSION**

*by the State President of the Republic of South Africa*

To:

- CORNELIUS VISSER VAN DER MERWE,
- HENDRIK JACOBUS COETSEE,
- EPHRAIM LEONARD FISHER,
- JOHAN CHRISTOFFEL JURGENS,
- ROELOF McLACHLAN,
- PETRUS HENDRIK MEYER,
- STEPHANUS JOHANNES HOFMEYR VAN DER SPUY,
- CURT CARL VON KEYSERLINGK,
- WILHELM LAUBSCHER VOSLOO, and
- LAWRENCE FUNNELL WOOD.

GREETINGS:

Whereas I deem it expedient to appoint a commission to inquire into and report on the matters mentioned hereinafter;

Now, therefore, by reason of the great trust I repose in your learning, judgment and ability, I hereby authorise and appoint you,

Cornelius Visser van der Merwe, to be Chairman, and you,

- Hendrik Jacobus Coetsee,
- Ephraim Leonard Fisher,
- Johan Christoffel Jurgens,
- Roelof McLachlan,
- Petrus Hendrik Meyer,
- Stephanus Johannes Hofmeyr van der Spuy,
- Curt Carl von Keyserlingk,
- Wilhelm Laubscher Vosloo and
- Lawrence Funnell Wood,

to be members of a commission with the following terms of reference:

To inquire into, consider and report upon the Abortion and Sterilization Bill (A.B. 15- '73);

1—3974

En om aanbevelings te doen aangaande wysigings aan genoemde Wetsontwerp wat deur die Kommissie nodig geag word, met inagneming van die getuienis ingewin deur die Gekose Komitee wat die Volksraad van die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika aangestel het om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor voornoemde Wetsontwerp, en van sodanige ander inligting as wat die Kommissie mag inwin;

En ek vereis hierby van u dat u so spoedig moontlik en met alle ywer aan my verslag sal doen oor die uitslag van u ondersoek;

En ek gee voorts opdrag dat hierdie Kommissie moet bly voortbestaan totdat u finaal oor bogenoemde aangeleentheid verslag gedoen het en voornoemde pligte vervul het, of anders totdat die Kommissie deur my herroep word, en dat u van tyd tot tyd en op die plek of plekke wat u vir voornoemde doel nodig ag, sittings moet hou;

En ten einde u beter in staat en in die geleentheid te stel om die doel van hierdie opdrag van my te bereik, gee en verleen ek u hierby volle bevoegdheid en gesag om alle persone te ondervra wat u nodig ag of wat volgens u mening nodig is om u beter in te lig oor die aangeleentheid wat hierby ter ooreweging aan u voorgelê word en alle aangeleenthede wat daarmee in verband staan, en ook om alle boeke, dokumente, stukke en registers van die Regering wat u nodig ag en wat inligting kan bevat oor die onderwerp van hierdie ondersoek, op te vra, toegang daartoe te hê, te verkry, insae daarin te hê en uittreksels daaruit te maak en om op enige ander wettige wyse ondersoek in te stel na die onderwerp van hierdie ondersoek.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:  
S. W. VAN DER MERWE.

And to make recommendations regarding amendments to the said Bill which may be deemed necessary by the Commission, having regard to the evidence obtained by the Select Committee appointed by the House of Assembly of the Parliament of the Republic of South Africa to investigate and report upon the aforementioned Bill and to such other information as the Commission may obtain;

And I do hereby desire and require that you do, as soon as this can be conveniently done, using all diligence, report to me the result of your inquiry;

And I further direct that this Commission shall continue in force until you have finally reported upon the matters and carried out the duties aforesaid, or otherwise until this Commission shall by me be revoked, and that you shall sit from time to time at such place or places as you may find necessary for the purpose aforesaid;

And in order that you may be better able and in a position to attain the purpose of this my commission, I hereby give and grant you full power and authority to interrogate such persons as you may deem necessary or as are, in your opinion, necessary to furnish you with better information on the matter hereby submitted to you for consideration and on any matter related to it, and also to call for, have access to, obtain, inspect and make extracts from any such books, documents, papers and registers of the Government as you may consider necessary and as may contain information on the subject of this inquiry, and to conduct investigations into the subject of this inquiry in any other authorised manner.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Eighteenth day of June, One thousand Nine hundred and Seventy-three.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:  
S. W. VAN DER MERWE.

## GOEWERMENSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 1184 6 Julie 1973  
WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE MEUBEL-  
NYWERHEID, KAAPSE AFDELING.—VOOR-  
GENOME WYSIGING VAN DIE GETAL VAKLEER-  
LINGE IN DIE NYWERHEID

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, handelende kragtens artikel 16 van bogemelde Wet, is voornemens om Goewermentskennisgewing R. 2167 van 29 November 1968, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 387 van 13 Maart 1970 te wysig deur die syfer "150" wat teenoor die aangewese ambag Meubelmakery voorkom, deur die syfer "200" te vervang.

Alle belanghebbende persone wat beswaar teen bogenoemde voorneme het, word versoek om sodanige besware skriftelik in te dien by die Sekretaris, Komitee vir Vakleerlinge in die Meubelnywerheid, Kaapse Afdeling, Posbus 872, Kaapstad, binne 30 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 1184 6 July 1973  
APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE  
FURNITURE INDUSTRY, CAPE DIVISION.—  
PROPOSED AMENDMENT OF THE NUMBER OF  
APPRENTICES IN THE INDUSTRY

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, acting in terms of section 16 of the abovementioned Act, propose to amend Government Notice R. 2167 of 29 November 1968, as amended by Government Notice R. 387 of 13 March 1970, by substituting the figure "200" for the figure "150" reflected opposite the designated trade Cabinetmaking.

All interested persons who have any objections to the above proposal are called upon to lodge such objections, in writing, with the Secretary, Apprenticeship Committee for the Furniture Industry, Cape Division, P.O. Box 872, Cape Town, within 30 days from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1187 6 Julie 1973  
**WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**  
**BOUNYWERHEID, KROONSTAD.—WYSIGING**  
**VAN OOREENKOMS**

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 21 Junie 1975 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 21 Junie 1975 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrostdistrik Kroonstad; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 21 Junie 1975 eindig, in die landdrostdistrik Kroonstad *mutatis mutandis* bindend is vir alle Bantoes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Bantoes in hul diens.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUBEDRYF, KROONSTAD  
 OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan deur die

Kroonstad Master Builders' and Allied Trades' Association (hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa (hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kroonstad, om die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermementskennisgewing R. 887 van 10 Junie 1970, soos gewysig by Goewermementskennisgewings R. 338 van 3 Maart 1972 en R. 1436 van 18 Augustus 1972, soos volg verder te wysig:

KLOUSULE 4.—LONE

Vervang subklousule (1) deur die volgende en hernommer die bestaande subklousules (2) tot (5) as (3) tot (6):

"(1) Behoudens die oorblywende bepalings van hierdie klousule, mag geen werkgewer lone betaal en geen werknemer lone aanvaar wat laer as die volgende is nie:

	Per uur Sent
(a) Arbeider.....	23
(b) Werkman.....	43
(c) Drywer van 'n meganiese voertuig, waarvan die onbelaste gewig met die onbelaste gewig van 'n sleepwa wat deur sodanige voertuig getrek word, 7 700 lb te bowe gaan.....	57
(d) Bediener van 'n kraghyskraan.....	57
(e) Ambagsmanne in alle ambagte.....	97
	Per dag
(f) Nagwag en/of patrollieman.....	R2,10

No. R. 1187 6 July 1973  
**INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**  
**BUILDING INDUSTRY, KROONSTAD.—AMEND-**  
**MENT OF AGREEMENT**

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 21 June 1975, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 21 June 1975, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial District of Kroonstad; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the Magisterial District of Kroonstad and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 21 June 1975, the provisions of the Amending Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Bantu employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Bantu in their employ.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY,  
 KROONSTAD

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

Kroonstad Master Builders' and Allied Trades' Association (hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa (hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Building Industry, Kroonstad, to further amend the Agreement published under Government Notice R. 887 of 10 June 1970, as amended by Government Notices R. 338 of 3 March 1972 and R. 1436 of 18 August 1972, as follows:

CLAUSE 4.—WAGES

Substitute the following for subclause (1) and renumber the existing subclauses (2) to (5) to read (3) to (6):

"(1) Subject to the remaining provisions of this clause, no employer shall pay, and no employee shall accept, wages at rates lower than the following:

	Per hour Cents
(a) Labourer.....	23
(b) Operative.....	43
(c) Driver of mechanical vehicles, the unladen weight of which together with the unladen weight of any trailer drawn by such vehicle exceeds 7 700 lb	57
(d) Operator of power crane.....	57
(e) Artisans in all trades.....	97
	Per day
(f) Night-watchman and/or patrolman.....	R2,10

(2) (a) Die lone in subklousule (1) voorgeskryf, is onderworpe aan aanpassings, ooreenkomstig die formule hieronder aangegee, met ingang van 1 Mei en 1 November elke jaar na publikasie in die *Staatskoerant* van die indekssyfer vir onderskeidelik Februarie en Augustus elke jaar:

Die indekssyfer vermenigvuldig met die betrokke voorgeskrewe loon en gedeel deur 116,5: Met dien verstande altyd dat die resultate wat aldus verkry word tot die naaste hele sent afgerond word en dat dit dan die nuwe loon uitmaak.

(b) Vir die doeleindes van paragraaf (a) beteken "indekssyfer" die verbruikersprysindekssyfer vir die Vaaldriehoek ten opsigte van alle items, soos deur die Departement van Statistiek in die *Staatskoerant* gepubliseer vir genoemde gebied, vergeleke met die posisie in dieselfde gebied in April 1970 en beteken "voorgeskrewe loon" die loon soos voorgeskryf op 16 Julie 1973."

Namens die partye op hede die 16de dag van April 1973 te Kroonstad onderteken.

A. J. GOOSEN, Voorsitter van die Raad.  
J. L. JORDAAN, Ondervoorsitter van die Raad.  
H. R. KRUGER, Sekretaris van die Raad.

No. R. 1188 6 Julie 1973  
WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- EN METALLURGIESE NYWERHEID.—WYSIGING VAN SIEKTE-BYSTANDSFONDSOOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 28 April 1975 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur die

- Automotive Parts Production Engineers' Association;
- Cape Engineers' and Founders' Association;
- Constructional Engineering Association;
- East London Engineers' and Founders' Employers' Association;
- Edge Hand and Small Tool Manufacturers' Association;
- Electrical Engineering and Allied Industries Association;
- Engineers' and Founders' Association (Transvaal, Orange Free State and Northern Cape);
- Gate and Fence Manufacturers' Association of the Transvaal;
- Heavy Engineering Manufacturers' Association;
- Iron and Steel Producers' Association of South Africa;
- Lift Engineering Association of South Africa;
- Light Engineering Industries Association of South Africa;
- Materials Handling and Construction Plant Association of South Africa;
- Natal Engineering Industries Association;
- Non-Ferrous Metal Industries Association of South Africa;
- Plastics Manufacturers' Association of South Africa;
- Port Elizabeth Engineers' Association;
- Precision Manufacturing Engineers' Association;
- Radio, Appliance and Television Association of South Africa;

(2) (a) The wages prescribed in subclause (1) shall be subject to adjustments, in accordance with the formula given below, as from 1 May and 1 November in each year after publication in the *Government Gazette* of the index figure for February and August respectively in each year:

The index figure multiplied by the relevant prescribed wage and divided by 116,5: Provided always that the results thus reached shall be rounded off to the nearest whole cent, which shall then constitute the new wage.

(b) For the purposes of paragraph (a), "index figure" means the consumer price index figure for the Vaal Triangle relating to all items, as published by the Department of Statistics in the *Government Gazette* in respect of the said area, compared with itself in April 1970, and "prescribed wage" means the wage prescribed on 16 July 1973."

Signed at Kroonstad on behalf of the parties on this 16th day of April 1973.

A. J. GOOSEN, Chairman of the Council.  
J. L. JORDAAN, Vice-Chairman of the Council.  
H. R. KRUGER, Secretary of the Council.

No. R. 1188 6 July 1973  
INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

IRON, STEEL, ENGINEERING AND METALLURGICAL INDUSTRY.—AMENDMENT OF SICK PAY FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 28 April 1975, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into between the

- Automotive Parts Production Engineers' Association;
- Cape Engineers' and Founders' Association;
- Constructional Engineering Association;
- East London Engineers' and Founders' Employers' Association;
- Edge Hand and Small Tool Manufacturers' Association;
- Electrical Engineering and Allied Industries Association;
- Engineers' and Founders' Association (Transvaal, Orange Free State and Northern Cape);
- Gate and Fence Manufacturers' Association of the Transvaal;
- Heavy Engineering Manufacturers' Association;
- Iron and Steel Producers' Association of South Africa;
- Lift Engineering Association of South Africa;
- Light Engineering Industries Association of South Africa;
- Materials Handling and Construction Plant Association of South Africa;
- Natal Engineering Industries Association;
- Non-Ferrous Metal Industries Association of South Africa;
- Plastics Manufacturers' Association of South Africa;
- Port Elizabeth Engineers' Association;
- Precision Manufacturing Engineers' Association;
- Radio, Appliance and Television Association of South Africa;

Sheetmetal Industries Association of South Africa;  
S.A. Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association;  
S.A. Electro Plating Industries Association;  
S.A. Fasteners Manufacturers' Association;  
S.A. Production Founders' Association;  
S.A. Reinforced Concrete Engineers' Association;  
S.A. Association of Shipbuilders and Repairers;  
S.A. Tube Makers' Association;  
S.A. Wire and Wire Rope Manufacturers' Association;  
S.A. Wrought Non-Ferrous Metal Manufacturers' Association;  
South African Industrial Refrigeration and Air Conditioning Contractors' Association;  
Transvaal and Orange Free State Foundry Association;  
Electronics and Telecommunications Industries Association;  
South African Burglar Alarm Systems Association;  
South African Radio and Television Manufacturers' Association;

aan die een kant (hierna die "werkgewers" of die "werkgewers-organisasies" genoem), en die

Amalgamated Engineering Union of South Africa;  
Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa;  
Engineering Industrial Workers' Union;  
Iron Moulders' Society of South Africa;  
S.A. Boilermakers' Iron and Steel Workers', Shipbuilders' and Welders' Society;  
S.A. Electrical Workers' Association;  
S.A. Engine Drivers', Firemen's and Operators' Association;  
Suid-Afrikaanse Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie;  
Electrical and Allied Trades Union of S.A.;  
Radio, Television, Electronic and Allied Workers' Union;

aan die ander kant (hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem),

wat die partye is by die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid, om die Siektebystandsfondsooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 621 van 24 April 1970, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 46 van 15 Januarie 1971, R. 60 van 14 Januarie 1972 en R. 440 van 23 Maart 1973, soos volg te wysig:

1. In klousule 16 (1) (a), vervang die bestaande tabel deur die volgende tabel:

"Werklike loongroep per week"	Siektebystand, voortdurende ongeskiktheid of siekte, afwesigheid van werk		
	Iste tot 8ste week	9de tot 18de week	19de tot 30ste week
	R per week	R per week	R per week
Oor R65.....	34	35	38
Oor R55 en tot R65...	31	32	35
Oor R45 en tot R55...	26	27	30
Oor R35 en tot R45...	22	23	25
R35 en minder.....	18	19	21".

2. In klousule 16bis, vervang die syfer "R200" deur die syfer "R250".

3. In klousule 17 (1), vervang die bestaande tabel deur die volgende tabel:

"Loongroep per week"	Bedrag per week (sent)
Oor R65.....	20
Oor R55 en tot R65.....	19
Oor R45 en tot R55.....	18
Oor R35 en tot R45.....	16
R35 en minder.....	12".

Namens die partye op hede die 30ste dag van Maart 1973, in Johannesburg onderteken.

R. F. BUDD, Voorsitter.  
W. E. KIRKWOOD, Ondervoorsitter.  
W. R. GLASTONBURY, Hoofsekretaris.

Sheetmetal Industries Association of South Africa;  
S.A. Agricultural and Irrigation Machinery Manufacturers' Association;  
S.A. Electro Plating Industries Association;  
S.A. Fasteners Manufacturers' Association;  
S.A. Production Founders' Association;  
S.A. Reinforced Concrete Engineers' Association;  
S.A. Association of Shipbuilders and Repairers;  
S.A. Tube Makers' Association;  
S.A. Wire and Wire Rope Manufacturers' Association;  
S.A. Wrought Non-Ferrous Metal Manufacturers' Association;  
South African Industrial Refrigeration and Air Conditioning Contractors' Association;  
Transvaal and Orange Free State Foundry Association;  
Electronics and Telecommunications Industries Association;  
South African Burglar Alarm Systems Association;  
South African Radio and Television Manufacturers' Association;

of the one part (hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), and the

Amalgamated Engineering Union of South Africa;  
Amalgamated Society of Woodworkers of South Africa;  
Engineering Industrial Workers' Union;  
Iron Moulders' Society of South Africa;  
S.A. Boilermakers' Iron and Steel Workers', Shipbuilders' and Welders' Society;  
S.A. Electrical Workers' Association;  
S.A. Engine Drivers', Firemen's and Operators' Association;  
Suid-Afrikaanse Yster-, Staal- en Verwante Nywerhede-Unie;  
Electrical and Allied Trades Union of S.A.;  
Radio, Television, Electronic and Allied Workers' Union;

of the other part (hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"),

being parties to the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry, to amend the Sick Pay Fund Agreement published under Government Notice R. 621 of 24 April 1970, as amended by Government Notices R. 46 of 15 January 1971, R. 60 of 14 January 1972 and R. 440 of 23 March 1973, as follows:

1. In section 16 (1) (a) substitute the following table for the existing table:

"Actual wage group per week"	Sick pay benefits, continuous incapacity or illness, absence from work		
	1st to 8th week	9th to 18th week	19th to 30th week
	R per week	R per week	R per week
Over R65.....	34	35	38
Over R55 and up to R65	31	32	35
Over R45 and up to R55	26	27	30
Over R35 and up to R45	22	23	25
R35 and under.....	18	19	21".

2. In section 16bis for the figure "R200" substitute the figure "R250".

3. In section 17 (1) substitute the following table for the existing table:

"Wage group per week"	Amount per week (cents)
Over R65.....	20
Over R55 and up to R65.....	19
Over R45 and up to R55.....	18
Over R35 and up to R45.....	16
R35 and under.....	12".

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 30th day of March 1973.

R. F. BUDD, Chairman.  
W. E. KIRKWOOD, Vice-Chairman.  
W. R. GLASTONBURY, General Secretary.

**DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING**

No. R. 1180 6 Julie 1973

REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS DIE WET OP BEJAARDE PERSONE, 1967, MET BETREKKING TOT BANTOES IN DIE REPUBLIEK EN NATU-RELLE IN SUIDWES-AFRIKA, MET INBEGRIP VAN OOS-CAPRIVI.—WYSIGING VAN GOEWERMEN-  
SKENNING R. 1813 VAN 1968

Ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie en Onderwys, handelende namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 20 (1) van die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967), gelees met Proklamasies R. 283 en R. 293 van 1968, wysig hierby met ingang van 1 April 1973, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1813 van 1968, soos gewysig, verder deur—

(1) die invoeging van die volgende subregulasie 13 (1) (A) na subregulasie 13 (1):

“13 (1) (A) Vir die toepassing van subregulasie (1) beteken ‘inkomste’—

(a) enige vergoeding, hetsy in kontant of andersins, ontvang vir dienste gelewer;

(b) enige winste verkry uit 'n sakeonderneming waarvan 'n applikant of sy eggenote die eienaar is;

(c) enige winste verkry uit die beoefening van landbou; en

(d) enige inkomste uit 'n ander bron verkry, soos rente op beleggings, verhuur of onderverhuur van eiendom, aanplant en gebruik van gewasse vir voedingsdoeleindes, asook voordele in natura;

Met dien verstande dat die vergoeding in paragraaf (a) bedoel, nie van toepassing is op 'n manlike persoon wat die ouderdom van 70 jaar of 'n vroulike persoon wat die ouderdom van 65 jaar bereik het nie.”;

(2) die vervanging van die uitdrukking “33 (1) (a)”, waar dit in regulasie 13 (2) voorkom deur die uitdrukking “46 (1) (a)”;

(3) die vervanging van die woord “negentig”, waar dit in regulasie 14 (1) voorkom, deur die woord “vyf-en-tagtig”; en

(4) die vervanging van Aanhangsel 5 van genoemde Goewermentskennisgewing R. 1813 van 1968 deur die Aanhangsel in bygaande Bylae vervat.

T. N. H. JANSON, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en Onderwys.

(Lêer M84/1)

**DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT**

No. R. 1180 6 July 1973

REGULATIONS FRAMED UNDER THE AGED PERSONS ACT, 1967, IN RESPECT OF BANTU IN THE REPUBLIC AND NATIVES IN SOUTH-WEST AFRICA INCLUDING EASTERN CAPRIVI.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 1813 OF 1968

I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, acting on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development by virtue of the powers vested in him by section 20 (1) of the Aged Persons Act, 1967 (Act 81 of 1967), read with Proclamations R. 283 and R. 293 of 1968, hereby further amend, with effect from 1 April 1973, the regulations promulgated by Government Notice R. 1813 of 1968, as amended, by—

(1) the insertion of the following subregulation 13 (1) (A) after subregulation 13 (1):

“13 (1) (A) For the purposes of subregulation (1) ‘income’ shall mean—

(a) any remuneration, either in cash or otherwise, received for services rendered;

(b) any profits derived from a business concern of which an applicant or his spouse is the owner;

(c) any profits derived from the practice of agriculture; and

(d) any income derived from any other source, e.g. interest on investments, letting or subletting of property, planting and use of plants for nutrition purposes, as well as benefits in kind;

Provided that the remuneration referred to in paragraph (a) shall not apply to a male person who has attained the age of 70 years or a female who has attained the age of 65 years.”;

(2) the substitution of the expression “46 (1) (a)” for the expression “33 (1) (a)” where it appears in regulation 13 (2);

(3) the substitution of the word “eighty-five” for the word “ninety” where it appears in regulation 14 (1); and

(4) the substitution for Annexure 5 to the said Government Notice R. 1813 of 1968, of the Annexure contained in the accompanying Schedule.

T. N. H. JANSON, Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

(File M84/1)

**BYLAE/SCHEDULE**

**AANHANGSEL/ANNEXURE 5**

TABEL WAARVOLGENS OUDERDOMSPENSIËN MET INGANG VAN 1 APRIL 1973 TOEGEKEN MOET WORD  
TABLE ACCORDING TO WHICH OLD AGE PENSION IS TO BE GRANTED WITH EFFECT FROM 1 APRIL 1973

Inkomstegroep Income group	Jaarlikse inkomste (midadele en omstandighede in ag geneem) Annual income (allowing for means and circumstances)	Maksimum jaarlikse toekenning Maximum annual grant
I.....	Nul tot/Nil to R80.....	R 78
II.....	Bo/Over R80 tot/to R83.....	75
III.....	Bo/Over R83 tot/to R86.....	72
IV.....	Bo/Over R86 tot/to R89.....	69
V.....	Bo/Over R89 tot/to R92.....	66
VI.....	Bo/Over R92 tot/to R95.....	63
VII.....	Bo/Over R95 tot/to R98.....	60
VIII.....	Bo/Over R98 tot/to R101.....	57
IX.....	Bo/Over R101 tot/to R104.....	54
X.....	Bo/Over R104 tot/to R107.....	51
XI.....	Bo/Over R107 tot/to R110.....	48
XII.....	Bo/Over R110 tot/to R113.....	45
XIII.....	Bo/Over R113 tot/to R116.....	42
XIV.....	Bo/Over R116 tot/to R119.....	39
XV.....	Bo/Over R119 tot/to R122.....	36
XVI.....	Bo/Over R122 tot/to R125.....	33
XVII.....	Bo/Over R125 tot/to R128.....	30
XVIII.....	Bo/Over R128.....	Nul/Nil

No. R. 1181 6 Julie 1973  
**REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS DIE WET OP BLINDES, 1968, MET BETREKKING TOT BANTOES IN DIE REPUBLIEK EN NATURELLE IN SUIDWES-AFRIKA, MET INBEGRIJ VAN OOS-CAPRIVI.—WYSIGING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING R. 1814 VAN 1968**

Ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en Onderwys, handelende namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 17 (1) van die Wet op Blindes, 1968 (Wet 26 van 1968), gelees met Proklamasies R. 285 en R. 293 van 1968, wysig hierby, met ingang van 1 April 1973, die regulasies afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 1814 van 1968, soos gewysig, verder deur—

(1) die invoeging van die volgende subregulasies 7 (1) (A) na subregulasie 7 (1):

“7 (1) (A) Vir die toepassing van subregulasie (1) beteken ‘inkomste’—

- (a) enige vergoeding, hetsy in kontant of andersins, ontvang vir dienste gelewer;
- (b) enige winste verkry uit 'n sakeonderneming waarvan 'n applikant of sy eggenote die eienaar is;
- (c) enige winste verkry uit die beoefening van landbou; en
- (d) enige inkomste uit 'n ander bron verkry, soos rente op beleggings, verhuur of onderverhuur van eiendom, aanplant en gebruik van gewasse vir voedingsdoeleindes, asook voordele in natura;

Met dien verstande dat die vergoeding in paragraaf (a) bedoel, nie van toepassing is op 'n manlike persoon wat die ouderdom van 70 jaar of 'n vroulike persoon wat die ouderdom van 65 jaar bereik het nie.”;

(2) die vervanging van die uitdrukking “33 (1) (a)” waar dit in regulasie 7 (2) voorkom, deur die uitdrukking “46 (1) (a)”;

(3) die vervanging van Aanhangsel 3 van genoemde Goewermenskennisgewing R. 1814 van 1968 deur die Aanhangsel in bygaande Bylae vervat.

T. N. H. JANSON, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en Onderwys.

(Lêer M84/1)

No. R. 1181 6 July 1973  
**REGULATIONS FRAMED UNDER THE BLIND PERSONS ACT, 1968, IN RESPECT OF BANTU IN THE REPUBLIC AND NATIVES IN SOUTH-WEST AFRICA, INCLUDING EASTERN CAPRIVI.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 1814 OF 1968**

I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, acting on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development by virtue of the powers vested in him by section 17 (1) of the Blind Persons Act, 1968 (Act 26 of 1968), read with Proclamations R. 285 and R. 293 of 1968, hereby further amend, with effect from 1 April 1973, the regulations promulgated by Government Notice R. 1814 of 1968, as amended, by—

(1) the insertion of the following subregulations 7 (1) (A) after subregulation 7 (1):

“7 (1) (A) For the purposes of subregulation (1) ‘income’ shall mean—

- (a) any remuneration, either in cash or otherwise, received for services rendered;
- (b) any profits derived from a business concern of which an applicant or his spouse is the owner;
- (c) any profits derived from the practice of agriculture; and
- (d) any income derived from any other source, e.g. interest on investments, letting or subletting of property, planting and use of plants for nutrition purposes, as well as benefits in kind;

Provided that the remuneration referred to in paragraph (a) shall not apply to a male person who has attained the age of 70 years, or a female who has attained the age of 65 years.”;

(2) the substitution of the expression “46 (1) (a)” for the expression “33 (1) (a)” where it appears in regulation 7 (2); and

(3) the substitution for Annexure 3 to the said Government Notice R. 1814 of 1968, of the Annexure contained in the accompanying Schedule.

T. N. H. JANSON, Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

(File M84/1)

BYLAE/SCHEDULE

AANHANGSEL/ANNEXURE 3

TABEL WAARVOLGENS PENSIOEN AAN BLINDE PERSONE MET INGANG VAN 1 APRIL 1973 TOEGEKEN MOET WORD  
 TABLE ACCORDING TO WHICH PENSION IS TO BE GRANTED TO BLIND PERSONS WITH EFFECT FROM 1 APRIL 1973

Inkomstegroep Income group	Jaarlikse inkomste (middele en omstandighede in ag geneem) Annual income (allowing for means and circumstances)	Maksimum jaarlikse toekenning Maximum annual grant
I.....	Nul tot/Nil to R80.....	R 78
II.....	Bo/Over R80 tot/to R83.....	75
III.....	Bo/Over R83 tot/to R86.....	72
IV.....	Bo/Over R86 tot/to R89.....	69
V.....	Bo/Over R89 tot/to R92.....	66
VI.....	Bo/Over R92 tot/to R95.....	63
VII.....	Bo/Over R95 tot/to R98.....	60
VIII.....	Bo/Over R98 tot/to R101.....	57
IX.....	Bo/Over R101 tot/to R104.....	54
X.....	Bo/Over R104 tot/to R107.....	51
XI.....	Bo/Over R107 tot/to R110.....	48
XII.....	Bo/Over R110 tot/to R113.....	45
XIII.....	Bo/Over R113 tot/to R116.....	42
XIV.....	Bo/Over R116 tot/to R119.....	39
XV.....	Bo/Over R119 tot/to R122.....	36
XVI.....	Bo/Over R122 tot/to R125.....	33
XVII.....	Bo/Over R125 tot/to R128.....	30
XVIII.....	Bo/Over R128.....	Nul/Nil

No. R. 1182 6 Julie 1973  
**REGULASIES OPGESTEL KRAGTENS DIE WET OP ONGESKIKTHEIDSTOELAES, 1968, MET BETREK- KING TOT BANTOES IN DIE REPUBLIEK EN NATURELLE IN SUIDWES-AFRIKA, MET INBE- GRIP VAN OOS-CAPRIVI.—WYSIGING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING R. 1815 VAN 1968**

Ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en Onderwys, handelende namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwik- keling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 15 (1) van die Wet op Ongesiktheidstoelaes, 1968 (Wet 27 van 1968), geloes met Proklamasies R. 289 en R. 293 van 1968, wysig hierby, met ingang van 1 April 1973, die regulasies afgekondig by Goewermenskennisgewing R. 1815 van 1968, soos gewysig, verder deur—

(1) Die invoeging van die volgende subregulasie 7 (1) (A) na subregulasie 7 (1):

“7 (1) (A) Vir die toepassing van subregulasie (1) beteken ‘inkomste’—

(a) enige vergoeding, hetsy in kontant of andersins, ontvang vir dienste gelewer;

(b) enige winste verkry uit ‘n sakeonderneming waar- van ‘n applikant of sy eggenote die eienaar is;

(c) enige winste verkry uit die beoefening van land- bou; en

(d) enige inkomste uit ‘n ander bron verkry, soos rente op beleggings, verhuur of onderverhuur van eien- dom, aanplant en gebruik van gewasse vir voedings- doeleindes, asook voordele in natura.”;

(2) die vervanging van die uitdrukking “33 (1) (a)”, waar dit in regulasie 7 (2) voorkom, deur die uitdrukking “46 (1) (a)”; en

(3) die vervanging van Aanhangsel 4 van genoemde Goewermenskennisgewing R. 1815 van 1968 deur die Aanhangsel in bygaande Bylae vervat.

T. N. H. JANSON, Adjunk-minister van Bantoe-admini- strasie en -onderwys.

(Lêer M84/1)

No. R. 1182 6 July 1973  
**REGULATIONS FRAMED UNDER THE DIS- ABILITY GRANTS ACT, 1968, IN RESPECT OF BANTU IN THE REPUBLIC AND NATIVES IN SOUTH-WEST AFRICA, INCLUDING EASTERN CAPRIVI.—A MENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 1815 OF 1968**

I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, acting on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development by virtue of the powers vested in him by section 15 (1) of the Disability Grants Act, 1968 (Act 27 of 1968), read with Proclamations R. 289 and R. 293 of 1968, hereby further amend, with effect from 1 April 1973, the regula- tions promulgated by Government Notice R. 1815 of 1968, as amended, by—

(1) the insertion of the following subregulation 7 (1) (A) after subregulation 7 (1):

“7 (1) (A) For the purposes of subregulation (1) ‘income’ shall mean—

(a) any remuneration, either in cash or otherwise, received for services rendered;

(b) any profits derived from a business concern of which an applicant or his spouse is the owner;

(c) any profits derived from the practice of agricul- ture; and

(d) any income derived from any other source, e.g. interest on investments, letting or subletting of property, planting and use of plants for nutrition purpose, as well as benefits in kind.”;

(2) the substitution of the expression “46 (1) (a)” for the expression “33 (1) (a)” where it appears in regula- tion 7 (2); and

(3) the substitution for Annexure 4 to the said Government Notice R. 1815 of 1968, of the Annexure contained in the accompanying Schedule.

T. N. H. JANSON, Deputy Minister of Bantu Adminis- tration and Education.

(File M84/1)

BYLAE—SCHEDULE

AANHANGSEL—ANNEXURE 4

TABEL WAARVOLGENS ONGESKIKTHEIDSTOELAES MET INGANG VAN 1 APRIL 1973 TOEGEKEN MOET WORD  
 TABLE ACCORDING TO WHICH DISABILITY GRANTS ARE TO BE AWARDED WITH EFFECT FROM 1 APRIL 1973

<i>Inkomstegroep</i> <i>Income group</i>	<i>Jaarlikse inkomste (middelle en omstandighede in ag geneem)</i> <i>Annual income (allowing for means and circumstances)</i>	<i>Maksimum</i> <i>jaarlikse</i> <i>toekenning</i> <i>Maximum</i> <i>annual grant</i>
		R
I.....	Nul tot/Nil to R80.....	78
II.....	Bo/Over R80 tot/to R83.....	75
III.....	Bo/Over R83 tot/to R86.....	72
IV.....	Bo/Over R86 tot/to R89.....	69
V.....	Bo/Over R89 tot/to R92.....	66
VI.....	Bo/Over R92 tot/to R95.....	63
VII.....	Bo/Over R95 tot/to R98.....	60
VIII.....	Bo/Over R98 tot/to R101.....	57
IX.....	Bo/Over R101 tot/to R104.....	54
X.....	Bo/Over R104 tot/to R107.....	51
XI.....	Bo/Over R107 tot/to R110.....	48
XII.....	Bo/Over R110 tot/to R113.....	45
XIII.....	Bo/Over R113 tot/to R116.....	42
XIV.....	Bo/Over R116 tot/to R119.....	39
XV.....	Bo/Over R119 tot/to R122.....	36
XVI.....	Bo/Over R122 tot/to R125.....	33
XVII.....	Bo/Over R125 tot/to R128.....	30
XVIII.....	Bo/Over R128.....	Nul/Nil



No. R. 1186

6 Julie 1973

## WETGEWENDE RAAD VAN KAVANGO

## MAATREËL 4 VAN 1973 (KAVANGO OPENBARE FEESDAE MAATREËL, 1973)

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (2) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), sy goedkeuring te heg aan onderstaande Maatreël:

WETGEWENDE RAAD VAN KAVANGO  
MAATREËL 4 VAN 1973

## OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE INSTELLING VAN 'N OPENBARE FEESDAG TER VERVANGING VAN 'N OPENBARE FEESDAG INGESTEL INGEVOLGE DIE WET OP OPENBARE FEESDAE, 1952 (WET 5 VAN 1952)

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), vaardig die Wetgewende Raad van Kavango die volgende Maatreël uit:

*Woordomsrywings*

1. (1) In hierdie Maatreël, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Kavango" die gebied bedoel in artikel 2 (d) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968).

(2) Enige ander uitdrukking in hierdie Maatreël gebruik en waaraan 'n betekenis geheg word in die Wet op Openbare Feesdae, 1952 (Wet 5 van 1952), het die betekenis aldus daaraan geheg.

*Instelling van Kavangodag as Openbare Feesdag*

2. Kavangodag (twee-en-twintigste dag van Oktober) word hierby ingestel as openbare feesdag in Kavango ter vervanging van Krugerdag (tiende dag van Oktober) ingestel as openbare feesdag ingevolge die Wet op Openbare Feesdae, 1952 (Wet 5 van 1952).

*Kort Titel*

3. Hierdie Maatreël heet die Kavango Openbare Feesdae Maatreël, 1973.

## DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

No. R. 1176

6 Julie 1973

Die Minister van Verdediging het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 76 (2) (f) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), die reëls gepromulgeer by Goewermentskennisgewing R. 269 van 28 Februarie 1969 ingetrek en die volgende reëls gemaak wat die wyse en voorwaardes bepaal waarop persone wat nie lede van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, toegelaat word om vrywilliglik aan opleidingsoefeninge met die kommando's deel te neem en waarin hy, na oorlegpleging met die Minister van Finansies, verklaar in watter mate artikels 39, 40, 41 en 125 van bedoelde Wet op sodanige persone van toepassing is.

## INLEIDING

1. Hierdie reëls staan bekend as die reëls vir die toelating van persone wat nie lede van die Suid-Afrikaanse Weermag is nie, om vrywilliglik aan opleidingsoefeninge met 'n kommando deel te neem.

No. R. 1186

6 July 1973

## KAVANGO LEGISLATIVE COUNCIL

